adMaths
Have the edge at university

**September 2025**

Geagte Ouer / Voog van ‘n Wiskunde uitblinker

Ons is ongelooflik baie opgewonde om hierdie geleentheid aan u bekend te stel. AdMaths is trots op ons Graad 12 leerders wat verlede jaar in die IEB Verdere Studies Wiskunde Finale Eksamen 71 “A”s behaal het uit 250 kandidate.

**IEB Verdere Studies Wiskunde**

AdMaths (Edms.) Bpk. is ‘n voorkeurdiensverskaffer in die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) se Verdere Studies Wiskunde (voorheen *AP Maths*). Hierdie is ‘n Graad (9)10-12 ekstra *vak* en nie ‘n ekstra *klas* in skoolwiskunde nie. Die oogmerk van die vak is om leerders wat reeds akademies sterk is of ‘n groot belangstelling in wiskunde het, addisioneel tot die skoolsillabus te stimuleer en te verryk. Leerders versnel ook deur te leer van konsepte en teorie vroeër as die aangewese tyd. Dit maak leerders skerper en laat hulle vinniger snap. Die vakgebied word in perspektief gestel en horisonne word verbreed.

**Beveel universiteite Verdere Studies Wiskunde aan?**

Baie Suid-Afrikaanse universiteite se voubiljette maak vermelding van “addisionele wiskunde” as hoogs aanbevole vir sekere rigtings. Wiskunde Hoër Graad is in 2007 vir die laaste keer geëksamineer. Baie studente getuig dat KABV Wiskunde hulle nie voldoende voorberei het vir eerstejaarswiskunde op universiteit nie. Alhoewel hulle 80% gekry het op skool, sukkel hulle om aan te pas op universiteit, veral in die eerste ses maande. Verdere Studies Wiskunde (VSW) is byna onontbeerlik vir rigtings soos Ingenieurswese, B.Sc., B.Comm. en Aktuariële Wetenskap. Die vak dien as ideale oorbrugging tussen matriek en universiteit. Eerstejaars is verlore as hulle nie blootstelling op skoolvlak aan onderwerpe soos absolute waardes en lineêre programmering (Wiskunde Hoër Graad) gehad het nie. Byna elke IEB-skool in Suid-Afrika bied die vak aan, wat ‘n aanduiding is van die geloof in die waarde wat dit op universiteit toevoeg.

**Geakkrediteerde kwalifikasie**

Graad 12s word geregistreer by die IEB vir die Verdere Studies Wiskunde finale eksamen, wat in Oktober plaasvind voor die aanvang van die Senior Sertifikaat-eksamen. ‘n Verdere Studies Wiskunde-sertifikaat verbeter die kanse vir universiteitstoelating aangesien dit baie sê van ‘n voornemende student se onafhanklikheid, selforganisasie en probleemoplossingsvaardighede.

**Waar pas AdMaths in?**

Addisionele Wiskunde Hoër Graad (“*AddMaths*”) was tot 2007 ‘n departementele vak. Dit was gepas om ons onderneming “AdMaths” te noem, wat dieselfde op die oor val as die gewese vak. AdMaths is die oorspronklike en grootste Verdere Studies Wiskunde diensverskaffer in Suid-Afrika en het sedert 2005 ‘n huishoudelike naam in die land geword. Ons is ook jaarliks die IEB se grootste kandidaatsentrum. As ‘n leerder AdMaths doen, doen die leerder Verdere Studies Wiskunde deur AdMaths (Edms.) Bpk. en skryf die leerder sy/haar interne eksamens by ons tot by die Graad 12 Proefeksamen. As ‘n skool nie self VSW aanbied nie, is AdMaths die verstekopsie.

**Watter wiskunde onderwerpe word onderrig?**

Die normale, geskeduleerde inhoud dek Algebra, Calculus en Matrikse. Daar word ook vir Graad 11s en 12s opsionele blootstelling gebied aan Grafiekteorie, Finansiële Wiskunde, Modellering en Statistiek. AdMaths akkommodeer dus die leergierige leerder wat ekstra wil doen.

Om die geakkrediteerde IEB-sertifikaat te bekom, hoef ‘n Verdere Studies Wiskunde kandidaat net vir die *Standaard* (Vraestel 1) opsie te registreer d.i. die skryf van ‘n 2-uur vraestel wat Algebra en Calculus assesseer.

Kandidate wat wyer geassesseer wil word, registreer vir die *Uitgebreide* opsie en skryf dan ‘n 1-uur Vraestel 2 addisioneel tot Vraestel 1. Vraestel 2 bestaan uit die volgende drie keuseafdelings waarvan een beantwoord moet word: A. Matrikse & Grafiekteorie B. Finansiële Wiskunde & Modellering C. Statistiek.

Directors: JNJ de Villiers, DDP Jonker, M de Villiers
+2721-981-0595 | www.admaths.co.za | system@admaths.co.za
61 Protea Road, Brackenfell, Cape Town, South Africa,7560

**Studiemateriaal en assessering**

AdMaths se studiemateriaal is al sedert 2005 in ontwikkeling en tel onder die beste van sy soort in Suid-Afrika. Dit word kwartaalliks (elektronies) beskikbaar gemaak op die leerder se profiel en die hardekopie kan deur kliënte bestel word by www.admathsretail.co.za. Alle kliënte word ook gekoppel aan vooraf-opgeneemde videolesings. Leerders skryf elke kwartaal ‘n toets/eksamen by die naaste eksamensentrum op ‘n vooraf-vasgestelde dag. Informele assessering (“tutoriale”) word ook ingedien. Graad 9s lewer net tutoriale in.

**Wat is die verskil tussen die pakkette?**

*Brons* (selfstudie) leerders het geen regstreekse klas nie. Hulle het slegs die studiemateriaal en video’s.

*Silwer* = *Brons* + toegang tot regstreekse, weeklikse webinare in die *Zoho*-portaal.

*Goud* = *Brons* + toegang tot regstreekse, weeklikse in-persoon klasse aangebied deur ‘n fasiliteerder.

Die *Goud* en *Silwer* klasse vind een keer per week in kwartaaltyd plaas en duur 1½ uur. Vir klastye, besoek www.admaths.co.za >> *CLASSES & COURSES* >> *PARTICIPATING SCHOOLS / WEBINARS.*

**Hardekopieë**

Baie leerders maak van hul toestelle gebruik om die studiemateriaal te besigtig of hulle laai die PDFs af en druk dit self. Kliënte wat belangstel in ons gedrukte weergawe van die studiemateriaal, bestel deur *Retail*. Daar is drie bestelrondes per jaar by www.admathsretail.co.za, in pas met die elektroniese beskikbaarmaking. U kan ongelukkig nie aan die begin van die jaar die volle jaar se hardekopieë eenmalig bekom nie. Vir elke Graad (9-12) se handboeke, is *Studiemateriaal* en *Oplossings*, aparte boeke per ronde.

***Diamant* (VIP-pakket)**

*Diamant* = *Brons* + *Silwer* + *Goud* + handboeke wat afgelewer word drie keer per jaar as deel van die pakket teen geen addisionele koste nie. *Diamant* kliënte gebruik *Retail* soms vir ander produkte, maar nie vir handboeke nie. *Diamant* kliënte het min administrasie deur die loop van die jaar.

**Registrasie vir 2026**

Doen aansoek by www.admaths.co.za >> *APPLY* teen die laatste **Maandag 1 Desember 2025**.

Eersteslagdeelnemers betaal ‘n registrasiefooi van **R520**. Ons stuur ‘n faktuur met bankbesonderhede en ‘n betaaldatum van laatste **Vrydag 5 Desember 2025**.

Vind ingesluit ‘n blad met die maandelikse paaiemente per pakket. Die jaarfooi op (bv.) die *Goud*-pakket (in-persoon klastoegang, handboeke uitgesluit) is R7356, wat die som is van 12 betalings van R613 elk van 1 Januarie tot 1 Desember 2026.

Die kursus neem ‘n aanvang sodra Kwartaal 1 se studiemateriaal op 15 Desember 2025 beskikbaar gemaak word, alhoewel die regstreekse skedule eers begin in die week van **26-30 Januarie 2026**.

**Teken u ‘n kontrak met AdMaths? Wat gebeur aan die einde van ‘n jaar?**

Ja, u sal ‘n e-pos ontvang van esign@admaths.co.za. Die kontrak mag beëindig word deur ‘n kalendermaand se skriftelike kennis te gee (voor September) by system@admaths.co.za. U mag migreer tussen pakkette. Daar is ‘n R210 administratiewe fooi betaalbaar om die kontrak met nog ‘n jaar te verleng. Daar is ‘n R100 per maand afslag vanaf die tweede sibbe wat deelneem.

Boeties en sussies op laerskool kan vroeg hulself begin verryk met AdJunior. Ons het ook ‘n Graad 8 program. Ons Verdere Studies Fisika en Chemie program begin in Kwartaal 3 van Graad 10. AdAccounting (vanaf Graad 10 Kwartaal 3) is ons eie inisiatief.

Ek sien uit daarna om van u te hoor!

Vriendelike groete



Jean Nico de Villiers
Hoof

# KURRIKULUMPAKKETTE 2026

IEB Verdere Studies Wiskunde

**adMaths** — Have the edge at university

Graad 8 - 12

**DIAMANT (VIP)**
R878 pm per student

**GOUD (IN-PERSOON)**
R613 pm per student

**SILWER (WEBINARE)**
R481 pm per student

**BRONS (SELFSTUDIE)**
R403 pm per student

*sien regs vir pakketbeskrywings

IEB Verdere Studies Fisika

**adPhysics** — Have the edge at university

Graad 10 - 12

**LIGHTYEAR (VIP)**
R746 pm per student

**PARSEC (IN-PERSOON)**
(Slegs geselekteerde sentrums)
R613 pm per student

**MOMENTUM (WEBINARE)**
R481 pm per student

**FORCE (SELFSTUDIE)**
R403 pm per student

*sien regs vir pakketbeskrywings

IEB Verdere Studies Chemie

**adChemistry** — Have the edge at university

Graad 10 & 11

**MOLECULE (VIP)**
R668 pm per student

**NUCLEON (SELFSTUDIE)**
R403 pm per student

*sien regs vir pakketbeskrywings

**adAccounting** — Have the edge at university

Graad 10 – 12

**INVESTMENT (VIP)**
R746 pm per student

**EQUITY (WEBINARE)**
R481 pm per student

**ASSETS (SELFSTUDIE)**
R403 pm per student

*sien regs vir pakketbeskrywings

### VIP PAKKETTE SLUIT IN

- AdMaths, AdPhysics & AdAccounting Weekliks-geskeduleerde in-persoon en/of aanlynklas
- Aanlyntoegang tot studie-materiaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- Hardekopieë van die studie-materiaal word afgelewer
- VIP geskenk

*AdChemistry:

- Aanlyntoegang tot studie-materiaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- Hardekopieë van die studie-materiaal word afgelewer
- VIP geskenk

### IN-PERSOON PAKKETTE SLUIT IN

- Weekliks-geskeduleerde in-persoon klas
- Aanlyntoegang tot studie-materiaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- Hardekopieë van die studie-materiaal kan bestel word

### WEBINAAR PAKKETTE SLUIT IN

- Weekliks-geskeduleerde aanlynklas
- Aanlyntoegang tot studie-materiaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- Hardekopieë van die studiemateriaal kan bestel word

### SELFSTUDIE PAKKETTE SLUIT IN

- Geen kontaktyd, slegs selfstudie
- Aanlyntoegang tot studie-materiaal en vooraf-opgeneemde videolesings
- Hardekopieë van die studiemateriaal kan bestel word

**adMaths** — Have the edge at university

Geakkrediteer deur SWISS EDUGLOBE trust

Tel: 021 981 0595 | E-pos: system@admaths.co.za

Alle kliënte moet 'n kontrak voltooi wat saam met die faktuur gestuur sal word. VIP kliënte se boeke kan nie versend word voordat die kontrak nie voltooi is nie.

**Besoek ons webtuiste by www.admaths.co.za en DOEN NOU AANSOEK!!**

**Bepalings en voorwaardes geld. Die jaarfooi word opgedeel in maandelikse paaiemente.
Klasse is steeds volgens die diskresie van die skoolhoof en is afhangend van hoeveel studente aansoek doen.